Hoe om ‘n Voortrekkervlaggie en /of landsvlaggie te maak wat gehys/gestryk kan word

Bou ’n modelletjie wat gebruik kan word om vlaghysing /-stryking te oefen

? Stappe

1. Benodig:
   - Voetstuk: ’n Plankie (vierkant) van 45mm x 45mm x 20mm met ’n 6mm deursnee gaatjie in die middel geboor vir die vlagpaal om in te pas.
   - Vlagpaal: ’n 300mm x 6 mm deursnee lang stokkie wat in die blokkie se gaatjie vasgegom word.
   - Klein indraai ogie/hakie.
   - Vlagtou: 60cm lank en ’n dun toutjie van 20cm wat op die vlaggie se kort kant ingevou of vasgeplak word. Die toue se punte moet beset word. Aan een punt van die hystoutjie moet daar ’n lussie gemaak word.
   - Lap of papier Voortrekkervlaggie 7cm by 11.5cm in regte voortrekkerkleure geverf met ’n klein houtbalkie van 1cm aan een punt en ’n lussie aan die ander soos vir regte vlae.
2. Draai die indraai ogies in die vlagpaaltjie se bopunt in.
3. Die vlae kan nou gehys word met die toepaslike knope.

☺ Wenke

1. Gebruik papierpoppies hiermee saam om ’n seremonie op te stel sodat seremoniestappe aan die kinders verduidelik kan word. Maak papierpoppies deur ’n lang stuk papier heen en weer konsertina te vou, ’n mannetjie daarop te teken en dan uit te sny. Moenie deur die hande sny nie. Trek die konsertina oop dan het jy ’n klomp mannetjies wat hande vashou wat die deelnemers aan die seremonie kan voorstel. ’n Paar kan losgesny word om dan op die seremonieleier en ander funksionarisse se plekke opgestel te word.

2. Skaakstelstukke (mannetjies) kan ook gebruik word. Plak funksionarisse se titel (naam) bo-op met wondergom (prestick) vas.

☠ Waarskuwings

1. Maak seker die verf is droog op die lapvlaggies voordat dit hanteer word sodat dit nie smeer nie.
2. Maak seker kinders ken die toepaslike knope soos in die graadwielboeke voorkom.